# **Switch On** *to church*




Die afgelope 2 maande het ons saamgesels oor die gedagte om aan te skakel vir mense, vir die Here en vir die kerk. Jesus is God se groot aanskakel na ons toe en ons vieer Kersfees omdat sy koms ons wêreld verander het.
Vandag se bybelstudie gaan oor die gedagte dat ons moet aanskakel vir kerk. Met die lockdown het ons baie na binne geleef en maklik afgestomp geraak vir mense en ongelukkig gemaklik geraak daarmee.

Maak eers tyd om saam te bid en sê vir die Here dankie vir elkeen wat deel is van die groep.

Sondag met die erediens het ek vir die gemeente gevra om hierdie vraag te voltooi. Den dieselfde:

**Kerk is vir my**..........................................................................................

Gewoonlik val die antwoord rofweg in een van 3 kategorieë

a. Kerk is waar ek deel is van 'n gemeenskap van geloweigs, of 'n geestelike familie – *a place of belonging*

b. Kerk is waar ons geleer word om reg te glo, of te groei in ons geloof – *a place of believing*

c. Kerk is waar ek uitgedaag word om my geloof na buite elke dag in elke situasie te leef – *a place where we are challenged to live our faith*.

Gesels bietjie saam oor die waarde van elkeen van hierdie 3 verdelings. In watter kategorie sal jy jou antwoord sit?

Onthou NB:  ons het aldrie hierdie prentjies van kerk nodig!

**a. Kerk is a Place of belonging**

Kyk weer na v 39. Wat gebeur met Andres en Fillipus hier. Hulle soek Jesus en Hy nooi hulle uit om tyd saam met Hom deur te bring – hoe verander dit hulle?

Vir Andres – v 41

Vir Fillipus – v 45

Watter potensiaal het tyd saam met Jesus vir ons?

En hoe bring dit ons nader aan mense?

Ons het ander gelowiges nodig – hoe help die gedagte dat die kerk die liggaam van Christus is ons hiermee?

**b. Kerk is a place of Believing**

In **v 38** is Jesus se eerste vraag vir die dissipels: **"Wat soek julle?"**

As Jesus vandag vir jou die vraag vra, wat sal jou antwoord wees?

Hoe kan die kerk ons help om te glo of om te groei in ons geloof?

**c. Kerk is a place where we are challenged to Live**

Elke keer aas Jesus mense roep, is die oproep nie om Hom te aanbid nie – maar eerder **om Hom te volg** – kyk weer na **v 43, Matt 4:18-22**

**Belonging en believing is belangrik**, maar hoe kom dink julle is dit net so belangrik om ons geloof uit te leef?

Hoe doen Andres en Fillipus dit hier?

**Want as jy Jesus volg, gaan jou lewe verander.**

**Sê vir die Here dankie vir vriende en 'n kerk waaraan jy kan behoort.**

**Sê vir die Here dankie vir wat jy oor Hom kan leer by die kerk, maar ook in sy Woord en by vriende en in hierdie groep.**

**Vra sy hulp om julle te help om aan Hom gehoorsaam te wees en Hom te volg.**